Jesus ons Verlosser leef! Ons reik uit oor alle grense.

12 APRIL 2020

# GEMEENTEBULLETIN

STELLENBERG-GEMEENTE

021 976 4519 (kerkkantoor)
021 975 1044 (jeugkantoor)
021 910 3900 (feesmark)
021 976 8029 (SOS)

www.stellenberg.co.za
navrae@stellenberg.co.za

## DAGSTUKKE VIR 21 DAE

Terwyl die land vir 21 dae ingeperk word, sal leraars daagliks 'n geestelike dagstuk op www.stellenberg.co.za plaas. Besoek die tuisblad en kliek op die blokkie: Gedagtes vir elke dag.

## GEBEDSVERSOEKE

Gee jou gebedsversoeke via die gemeente se webwerf aan die gebedspan deur. Besoek die webwerf en kliek op die blokkie op die tuisblad "Ek het hulp nodig". Voltooi dan die elektroniese vorm vir gebedsversoeke.

## PAASDIENSTE

**Donderdag 9 April | Nagmaal**

Ds. Hanno Ackerman

Lukas 22:39-46 | Heelheid in gebrokenheid

**Goeie Vrydag 10 April**

Ds. Marius Breytenbach

Matteus 27:1-61 | Goeie Vrydag

**Paassondag 12 April**

Ds. Why Duvenhage

Matteus 28:1-10 | *It's Friday . . . but Sunday is coming!*

## WAT GEBEUR NA DIE GRENDELTYD?

Die kerkraad en die gemeente se ad hoc-Covid-19-komitee is onseker oor watter maatreëls vir die periode na 16 April beplan word. Sodra duidelike riglyne deur die nasionale regering bekend gemaak word, sal korrespondensie aan lidmate rakende die voortsetting en inrigting van eredienste, kategese en ander aktiwiteite, gestuur word. Intussen gaan ons voort met die beelduitsending van eredienste en ons beoog om dit soos volg uit te brei:

- 'n Gekombineerde oggend- en gesinsdiens sal elke Sondag vanaf 08:00 uitgesaai word.
- 'n Meditatiewe diens sal Sondae vanaf 08:00 uitgesaai word.
- Die Relevant-aanddiens (jeugdiens) sal elke Sondagaand vanaf 18:00 uitgesaai word.

Sien die agterblad oor waar die skakels na die dienste beskikbaar is.

## FEESMARK 2020

Feesmarkaansoeke is nou oop. Doen gerus aansoek d.m.v. ons aanlyn aansoekproses deur www.stellenberg.co.za te besoek. Die sluitingsdatum vir aansoeke is Maandag 20 April 2020.

## EK HET HULP NODIG

Indien jy tydens selfisolasie, of die landswye inperking enige vorm van fisiese hulp benodig, kontak asseblief een van die leraars. Vrywilligers is beskikbaar wat lidmate met die aankoop en aflaai van kruideniersware of medikasie sal ondersteun.

## WENKE OM GROENER TE LEEF

- Begin met die kweek en aanplant van spekboom en ander waterwysplante in plantpotte, afvalhouers en tuine.
- Sny spekboomsteggies van ongeveer 12 cm lank en plant dit ses sentimeter diep in grond. Afvalhouers moet gaatjies in die bodem hê. Toiletrolletjies en papierhanddoekrolle wat in twee gesny word en met tuingrond gevul word, kan ook werk.
- Plaas die houers in helder sonskyn en maak een keer per week nat.

## FINANSIËLE BYDRAES

*Elkeen moet gee soos hy hom in sy hart voorgeneem het, nie met teensin of uit dwang nie, want God het die blymoedige gewer lief.* (2 Kor. 9:7) Ons is dankbaar teenoor lidmate wat die gemeente se werk ondersteun. Bydraes kan soos volg gegee word:

- **Debietorder:** Laai die aansoekvorm van die webwerf af.
- **EFT-betaling:** Dit kan oorbetaal word na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005.
- **SnapScan:** Laai die toep op jou slimfoon af en volg die maklike instruksies. Gebruik die gemeente se skanderingskode om die betaling te maak.

### EDELWEISS

Dr. Theo Swart sal weeklikse dagtukkies asook kort preke d.m.v. stemboodskappe aan inwoners WhatsApp. Indien jy graag op die WhatsApp-verspreidingslys wil kom, sodat jy na die stemboodskappe kan luister, WhatsApp jou selfoonnommer aan

083 457 1647.

### STELLENBERG ONDERSTEUNING-SENTRUM

SOS bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. 'n Kliniese sielkundige, spraak- en arbeidsterapeute, 'n besigheids- en lewensafrigter, asook 'n musiekterapeut se dienste word aangebied.

Die sentrum is gesluit, maar Rudolph van Schoor, sentrumbestuurder en lewensafrigter, is beskikbaar vir noodgevalle by 082 854 4530.

## BYBELSKOOL

**Die aartsvaderverhale.**

**Hoe is God vandag in ons wêreld teenwoordig?**

Die aartsvaderverhale in Genesis 12-50 vertel hoe God se nabyheid dié mense en hulle leefwêreld, te midde van korrupsie, familiekrisisse, ekologiese rampe, asook politieke en ekonomiese onsekerheid, geraak het. Kom reis saam met Abraham, Isak en Jakob en ontdek hoe nou verweef God in die werklikheid van ons daaglikse bestaan is.

Ds. Marius Breytenbach sal die Bybelskoolaanbiedings weekliks d.m.v. video-opnames uitsaai. Nuwe beeldmateriaal asook geskrewe inligting sal weekliks op Dinsdae, vir ses weke, op www.stellenberg.co.za beskikbaar wees.

## KOSPROJEK VIR HAWELOSES

Stellenberg-gemeente is saam met ander kerke en onder leiding van MES verantwoordelik om op Dinsdae en Donderdae ’n sopkombuis vir hawelose mense in Bellville aan te bied. Hawelose mense is weerloos teen die Covid-19-aanslag. Lidmate wat die sopkombuis finansieel wil ondersteun, kan bydraes inbetaal in:

ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005, gebruik *hande en rande* as verwysing.

## KOSPAKKERY IN SALE

Shiloh het opdrag en finansiering van die Wes-Kaapse regering ontvang om kospakkies vir minderbevoorregtes en veral TB-pasiënte in die metro, te verpak en na klinieke te versprei. Stellenberg-gemeente se sale word as depot gebruik waar kosprodukte afgelewer en verpak word. Al die sale word benut sodat die voorgeskrewe sosiale afstand tussen helpers geïmplementeer kan word. Helpers van Stellenberg-gemeente en ander kerke het die afgelope week met die verpakking van die 1 300 kospakkies begin. Die kospakkies bied ’n maand se voorraad aan die ontvangers. Hartlik dankie aan al die lidmate wat hulp verleen het.

LERAARS

KONTAKBESONDERHEDE

Ds. Hanno Ackerman
079 543 5261
hanno@stellenberg.co.za

Ds. Marius Breytenbach
082 376 6053
marius@stellenberg.co.za

Ds. Philipp Dietmann
084 354 0729
pdietmann@gmail.com

Ds. Why Duvenhage
082 570 5931
why@stellenberg.co.za

Ds. René Potgieter
079 893 8104
rene@stellenberg.co.za

Ds. Callie Visagie
072 385 4368
ctvisagie@stellenberg.co.za

Rudolph van Schoor
Stellenberg
Ondersteuningsentrum
Sentrumbestuurder
082 854 4530
rudolph@stellenberg.co.za

## EREDIENSTE EN ANDER SAKE TYDENS DIE GRENDELTYD

Na aanleiding van die landwye inperking is die volgende maatreëls tot 16 April geldig:

- **Eredienste** in die kerkgebou staak, maar dienste sal elke Sondag en ook Paasnaweek met behulp van video-opnames uitgesaai word. Jy kan na die preek in video-formaat kyk, of na die klankbaan luister, of die geskrewe preek lees, deur www.stellenberg.co.za te besoek. Die beeldmateriaal sal tydens Paasnaweek en op Sondagoggende vanaf agtuur soggens beskikbaar wees. Die skakels na die beelduitsending is op die volgende plekke beskikbaar:
  - ◊ www.stellenberg.co.za
  - ◊ Stellenberg-gemeente se Facebookblad
  - ◊ Die skakel word ook Vrydae saam met die elektroniese bulletin per e-pos na lidmate gestuur. Indien jy nog nie die bulletin per e-pos ontvang nie, stuur 'n e-pos aan sanel@stellenberg.co.za.
  - ◊ Die skakel kan ook per WhatsApp (saam met die bulletin) aan jou gestuur word. Indien jy deel van die gemeente se WhatsApp-groep wil word, stuur jou naam en nommer via WhatsApp na 083 611 4720.

  Teken gerus in op Stellenberg-gemeente se *YouTube*-kanaal sodat jy 'n kennisgewing ontvang wanneer nuwe materiaal geplaas word.
- **Kerkkantoor** is gesluit.
- **Huisbesoeke:** Leraars kan ongelukkig nie huisbesoeke doen nie, maar is telefonies en per e-pos beskikbaar. Kontak asb. jou leraar indien jy enige vorm van fisiese, of geestelike ondersteuning benodig.
- **Elektroniese kommunikasie** soos die bulletin, Stellenberger en ander korrespondensie word deur e-pos en die gemeente se WhatsApp groep versprei. Stuur 'n e-pos aan sanel@stellenberg.co.za indien jy nog nie op die verspreidinslys is nie.
- **Begrafnisse** mag plaasvind, maar die hoeveelheid mense wat die diens bywoon, word beperk. Kontak jou leraar in die verband.